DIE LOOT

NUUSBRIEF VAN DIE GEREFORMEERDE KERK BELLVILLE

"Ek is die wynstok, julle die lote. Wie in My bly, en Ek in hom, hy dra veel vrug; want sonder My kan julle niks doen nie". *Joh.15:5*

26 November 2017
NAGMAAL

1. EREDIENSINLIGTING

Oggend	**Ds. C.C.A. Vrey**	**Aand**	**Ds. C.C.A. Vrey**
Sing vooraf	Ps. 119: 9, 10	Sing vooraf	Ps. 126: 2, 3
Sing	Ps. 89: 1, 3	Sing	Ps. 138: 1, 2
	Ps. 86: 1, 3		Ps. 119: 12, 13
	Sb. 11-3: 1, 2 (16)		Ps. 40: 4, 5
	Ps. 23: 2, 3		
	Ps. 116 (aan tafel)		
	Ps. 118 (met terugbeweeg)		
	Ps. 34: 8, 9		
Skriflesing	Matteus 5: 1-12 Jesaja 61: 1-3	Skriflesing	Jakobus 2: 14-26 HK Sondag 24 Vraag 64
Teks	Matteus 5: 4	Teks	Jakobus 2: 14, 17
Tema	**Jesus Christus is die Trooster vir hulle wat opreg treur**	Tema	**Wie deur die geloof in Christus geregverdig is, dra vrugte van die geloof**

2. GEMEENTENUUS EN –AKTIWITEITE

BYBELSTUDIE
Bellville - Geen bybelstudie hierdie week
Bybelstudie vir mamma's - Woensdag 09h30 (kontak sr. Sanet van Hoving - 083 642 0611)

GEMEENTE-KALENDER 2018
Gedrukte eksemplare van ons gemeente se kalender vir 2018 sal eers gedurende die skoolvakansie beskikbaar wees. Dit is reeds beskikbaar op die webwerf – www.gkbellville.org - en vir u gerief is Januarie 2018 se program hierby ingesluit.

GKSA ALMANAK 2018
Die almanakke is nou beskikbaar by die kerkkantoor teen R95,00 elk.

HUISBESOEK
Wyk **Welgelegen** (oudl. Llen Labuschagne) ontvang hierdie week huisbesoek deur ons leraar.

KERSSANG
Op DV Sondag, 3 Desember om 19h30 is daar 'n gesamentlike Kerssang in die kerkgebou van Gereformeerde Kerk Bellville-Oos. **Daarom het die kerkraad besluit dat die aanderediens van 3 Desember om 18h00 sal wees, sodat ons genoegsame tyd het om by Bellville-Oos gemeente aan te sluit.**

KLIPPIES
Ons sluit Vrydag om 18h00 die jaar se aktiwiteite af met 'n Safari-Ete. Alle laerskoolkinders is welkom! Kontak vir sr. Debbie Daling vir meer inligting.

MEELEWING
Ons bid die seën van die Here toe vir:
- Sr. Annatjie Badenhorst wat in Louis Leipoldt Medi-Clinic aansterk, na sy haar heup gebreek en geopereer is
- Sr. Annette Maritz wat in N1 Stad hospitaal opgeneem is

SKIEREILAND VIR CHRISTUS
Alle eer aan God! Sonder Sy beskermende hand sou ons nie die Evangelie kon verkondig nie! Skiereiland vir Christus het laasnaweek die laaste askie van 2017 aangebied. Ons het almal saam piekniek gehou by Kirstenbosch, deur die tuin gestap en al die plante ontdek. Vir die kinders was dit waarlik 'n belewenis, en vir meeste, die eerste keer dat hulle die voorreg gehad het om in dié tuin te wees. Ons wil graag aan almal wat bygedra het tot die dag en saam kom kuier het, hartlik bedank - dit word waardeer!

Ons wil ook graag almal bedank wat deur die jaar deel was van Skiereiland vir Christus. Sonder almal se hulp in die gemeente, sou ons nie ons werk kon doen nie.

Ons is reeds besig met 2018 se jaarbeplanning en wil graag die gemeente se talente gebruik vir die aksies wat aangebied word. Ons fokus vir aksies is:
1) kinder-vriendelike aksies en
2) aanleer van lewensvaardighede.

Moontlike aksies wat deur die groepleiers uitgewys is as probleem-areas is die volgende:
- Hantering van boelie-gedrag
- Selfverdediging
- Liggaam as beeld van God / eetgewoontes / molestering
- Geld – hoe hanteer ek my geld?
- Natuurbewaring

- Lees – die kinders van 10-jarige ouderdom sukkel om te lees en indien daar iemand is wat iets nuttigs in ‘n uur en ‘n half vir die kinders kan beteken, sal ons die geleentheid aangryp.
- Noodhulp
- Dwelmmisbruik
- Paraatheid ten opsige van veiligheid in ‘n bende-omgewing
- Misbruik van tegnologie en sosiale media

Indien u geroepe voel om u talente en gawes aan te bied vir ons, kontak asseblief vir sr. Magda Groot (084 450 6166). Sy sal vir u riglyne gee van wat van u verwag word, asook ‘n datum.

Voorts is ons reeds besig om die kamp vir volgende jaar te beplan, so maak asseblief die datums van **4 tot 8 April 2018** vas. Ons benodig mense met verskillende gawes om ‘n suksesvolle kamp te laat plaasvind. Vir meer inligting oor die kamp, kontak sr. Jana de Bruyn Bruyn of sr. Elré Gerber.

Verder wil ong graag ook 'n weeklikse katkisasie by Laerskool De Waveren in Ruyterwacht begin en indien daar lidmate is wat geroepe voel, kan hulle asseblief vir sr. Jana de Bruyn of ds. Coen Vrey kontak. Dit sal wel eers met die aanvang van die nuwe skooljaar begin.

3. SUSTERS

AFSLUITING

Wil jy graag help om iets blywends te skep?

Ons wil graag die Susters se rol in die kerk op ‘n kreatiewe manier uitbeeld tydens ons afsluitingsfunksie vir 2018.

Alle susters word hartlik uitgenooi na ons afsluiting op **Woensdag, 29 November** om 19h00. Selfs al beskou jy jouself nie as besonder kreatief en kunstig nie – kom help gerus saamwerk aan eenvoudige opsies wat beskikbaar sal wees of kuier net gesellig saam met mede-gelowiges. Daar is geen koste verbonde aan die geleentheid nie, maar ‘n donasie om uitgawes te dek sal waardeer word. Meer inligting is op die aansteekbord in die teedrinklokaal. **Vandag is die laaste geleentheid om jou naam op te skryf!**

SAAMTREK 2018

Die susters van Gereformeerde Kerk Elsiesrivier nooi u hartlik uit na die saamtrek op DV **Saterdag, 10 Maart 2018** te Goodwood. Die koste beloop R100 en die tema is *Skuil onder God se vleuels*. Maak asseblief solank ‘n aantekening van die datum – naamlyste sal in Januarie aangebring word.

Indien iemand artikels wil uitstal op daardie dag (bv. tuisgemaakte items, boeke, kunswerk) skakel asseblief met Sandy Engelbrecht (scschoe@gmail.com / 076 128 7353) so spoedig moontlik.

TEESKINKBEURTE

Vandag: *Geen tee/koffie* Alle susters word vriendelik versoek om te help opruim in die kombuis na afloop van die gemeente-ete.
Volgende Sondag: Wyke **Gordonsbaai** (Gerry van der Walt) en Bosbell/Hoheizen (Lizette Opperman)

4. VAN DIE KERKRAADSTAFEL

DIENSBEURTE VIR OUDERLINGE EN DIAKENS

Diakens

Vandag: Brs. Marten Daling, Ferdinand Hoffman, Piet Reyneke, **Ian Snyman**
Volgende week: Brs. Chrisjan Vrey, Pieter van Niekerk, Riaan Janse van Rensburg, Martin van der Walt

Ouderlinge

Vandag: Brs. Freddie Scheepers, Peet van der Walt, Gert Swanepoel, Wilhelm Groenewald
Volgende week: Brs. Jakobus Wüst, Elzar Wendt, Johan Snyman, Berend Meijering

Diensbeurte in Rondebosch (ouderling en diaken)

Vandag: Brs. Daan Joubert, Reinard Visser
Volgende week: Brs. André Coetzee, Ruthven Janse van Rensburg

KOLLEKTE	**Vandag:**	**Volgende Sondag:**
Onder die erediens:	Diakonale Kas	Skiereiland vir Christus
By die deure:	Instandhouding van eiendomme	Bolandse Bedieningsfonds

FINANSIES

Soos u seker weet, is die gemeente se finansies, soos die van die land, tans onder druk. Die kerkraad het begroot vir ‘n tekort van ongeveer R37 000 vir die jaar tot Februarie 2018. Tans, na die eerste agt maande, het ons alreeds ‘n tekort van R133 000 wat ons moet finansier!

Ons wil elke lidmaat dus vra om ernstig en biddend oorweging te skenk aan u kerkbydrae, en dit aan te pas indien nodig. Onthou asseblief dat u maandelikse bydrae gebruik word om die kerk se maandelikse lopende kostes te delg, naamlik die versorging van ons predikante en emeritus predikante en weduwees, vergoeding van funksionarisse, betaling van munisipale heffings, water en ligte, en dies meer.

Onthou asseblief ook dat u kollektes wat Sondae opgeneem word, bestem is vir die fondse wat telkens in Die Loot aangedui word. Die fondse word nie aangewend vir die gemeente se finansies nie.

Indien u enige verdere navrae het, kontak gerus enige lid van die Finansiële Kommissie.

HUISBESOEK DEUR DIE PREDIKANT

November: 27/11 Welgelegen

NAGMAAL

Ons gemeente vier vanoggend die sakrament van die Heilige Nagmaal.
Rakende die Nagmaalviering die volgende: Die Gereformeerde Leer vereis dat daar toesig gehou word oor almal wat aan die Nagmaal deelneem. Die Here vereis van die kerkraad om te sorg dat die tafel van die Here heilig gehou word. Die kerkraad moet hulle dus voor die Here kan verantwoord oor die leer en lewe van elke deelnemer aan die Nagmaal. Enige persoon wat nie ‘n belydende lidmaat van die Gereformeerde Kerk Bellville is nie en wat wil deelneem aan ‘n Nagmaalviering in die GK Bellville, moet dus ‘n getuienis inlewer van die kerk waar hy/sy vandaan kom. In hierdie getuienis moet sy/haar kerk baie duidelik aantoon dat hierdie persoon suiwer is in leer en lewe en dat hulle inderdaad aanbeveel dat so ‘n persoon saam met ons Nagmaal vier. Gevolglik kan lidmate van enige kerk wat nie saamstem met die leer en die sakramentsbeskouing van die GKSA nie, ook nie tot die Nagmaaltafel toegelaat word nie.

Gemeente-ete

Almal word hartlik uitgenooi na die gemeente-ete. Elke gesin bring asseblief ‘n vleisgereg, slaai en nagereg (maak asseblief ‘n bietjie meer as wat u normaalweg vir uself sou maak). Die tafelgebed word om 12h00 gedoen.

PREDIKANT UITSTEDIG

Ds. Coen Vrey is Dinsdag en Woensdag in George vir die Suidelike Streeksinode.

VAN DIE DIAKONIE

Graag wil die diakonie dit onder die gemeente se aandag bring dat die gevalle binne die gemeente waar versorging benodig word oor die afgelope paar maande wesenlik toegeneem het. Addisioneel tot die versorging binne die gemeente, wil die diakonie ook steeds voortgaan met die maandelikse skenkings aan die kinderhuise in kerkverband. Dus wil ons graag lidmate aanspoor tot daadwerklike samelewing in die vorm van bydraes aan die diakonale kas, ten einde die diakonie in staat te stel om sy opdragte na wense te kan uitvoer. Verwante bydraes moet asseblief spesifiek vir die diakonie gemerk word. Vir verdere navrae kontak gerus br. Cobus du Plessis of br. Reinard Visser.

Donasie van huishoudelike produkte en nie-bederfbare kos

Om die finansiële las verder te verlig, vra ons dat lidmate ook skenkings sal maak van huishoudelike produkte (bv. skoonmaakmiddels en toiletware), asook nie-bederfbare kos. Donasies kan in die gemerkte houer in die kombuis geplaas word.

VERGADERINGS

Susters

Woensdag om 19h00 in die konsistorie

VERKIESING VAN DIAKENS

Lidmate word versoek om name van broeders in die gemeente wat kan dien in die amp van diaken, aan die skriba, oudl. Berend Meijering, te gee.

5. VERJAARSDAE

27/11	Sr. René Botha Sr. Eileen Meijer Sr. Anna Myburgh
28/11	Br. Ton Lindhout Sr. Delilah Sao Joao Ruan Snyman (9 jaar) Zalise Uys (10 jaar)
29/11	Sr. Marthie de Klerk Sr. Lizelle Janse van Rensburg
01/12	Robyn Curtis (14 jaar) Br. Ben Groot Br. Mossie Mostert
02/12	Br. Ben van der Walt

6. KERKLIKE GEGEWENS

Gereformeerde Kerk Bellville		
Broadway 6, Bellville, 7530		Posbus 5009, Bellville, 7535
E-pos: gkbellville@mwebbiz.co.za		Tel: 021 945 1515 Faks: 086 465 4609
Kerkkantoor: Dinsdae 09h00 - 12h30		
Predikant	Ds. Coen Vrey	082 808 4432
Kerkplanter	Dr. Simon Jooste	083 973 5818
RCSS Webtuiste	https://rcsasouthernsuburbs.com/	
Skriba	Oudl. Berend Meijering	083 291 7603
Admin Beampte	Sr. Willina Cilliers	082 738 1809
Koster	Br. Piet Reyneke	072 218 9988
Kassiere	Sr. Yolandi Taljaard	082 555 3380
Gereformeerde Kerk Bellville, ABSA, Santyger, Takkode 632 005 Tjek rek 340 340 205		
Taalversorging van preke	Sr. Geert van Jaarsveld	
Vertalers	Brs. Willem de Haan en Freddie Scheepers	
Webmeester	Br. Ben van der Walt	021 903 1505
Regstreekse erediens uitsending	http://kerkdienstgemist.nl/assets/462806	
www.gkbellville.org	https://www.facebook.com/gk.bellville	

Berigte vir Die Loot moet asseblief teen **Woensdag 16h00** per e-pos gestuur word na gkbellville@mwebbiz.co.za